JOHANNES 10:10 NGK MIEDERPARK (26/7/9)

TEMA: ‘n LOFLIED OP DIE LEWE Ds Okkie Cilliers

Wat ‘n voorreg is dit om te lewe!!

‘n Arm maar goeie vrou het huilend by die rabbi kom raad vra: “Ek en my man moet me al die kinders in 1 vertrek bly, maar ons val behoorlik oor mekaar.” Die rabbi se raad was dat sy ’n paar hoenders moet gaan koop. Sy was verstom, maar het dit gedoen. Die volgende week het sy weer kom kla: ”Rabbi, die hoenders raas en skrop, my man sê ek is aan die mal raak en die kinders skree.” Die rabbi se raad was dat sy ’n bok moet gaan koop. Net die volgende dag is sy terug – moedeloos en sê dat sy nie heilig genoeg is nie want die rabbi se raad werk niks nie! Die rabbi se raad is dat hy baie jammer is, maar dat sy die bok moet verkoop en van die hoenders ontslae moet raak. Na die volgende diens het die vrou hom kom bedank oor die goeie raad. ”Sonder die bokooi en die hoenders is die lewe wonderlik! Ons geniet die stilte en die baie ruimte. Dit het nog nooit so goed met ons gegaan nie.”

Dis hoe die lewe moet wees: goed en mooi. Ons het dit omgedraai en so verskriklik teoreties gemaak en so baie voorwaardes aan die lewe gaan stel dat ons nie mer mooi weet wat om te doen nie.

- Wat is lekkerder as ‘n lekker bord kos?! En wat van ‘n mooi rugbywedstryd, of ‘n rustige vakansie by die see, tyd saam met jou gesin, om sport te doen, uit ‘n vliegtuig met ‘n valskerm te spring, goeie musiek… Daar is soveel lekker dinge om te doen

Ons het dit iewers verloor en die waardes omgedraai. Ons dink as dit baie goed met ons gaan sal ons eers die lewe kan geniet. Die gevolg is dat niemand die lewe geniet nie want dit gaan **NOOIT** goed nie. Daarom dat daar soveel bitterbekke rondloop wat oor alles kla, nooit tevrede is nie en alles in die lewe anders sou wou hê. Somtyds wonder ek of dit nie dalk te goed met ons gaan en ons te veel lekker het nie. Want ons waardeer nie meer dit wat ons het nie. Ons droom allewig oor hoe dit aan die ander kant van die draad lyk en hoe anders ons lewe kon gelyk het!! Daarmee sien ons nie meer die ongelooflike geleenthede van vandag raak nie! Ons glo dat die probleme meer as die vreugdes is en praat net oor die probleme.

Bette Midler sing in *The Rose* dat die lewe en die liefde soos ‘n rivier en ‘n lemmetjie is. Dis ‘n rivier in vloed omdat dit alles wat mooi en sag is eenvoudig verspoel en verslons agterlaat; ‘n lemmetjie omdat dit jou siel in stukke sny en bebloed en verniel los. Die lewe is een groot stryd waar jy moet veg om kop bo water te hou en daar is die heeltyd magte en goed aan die werk wat jou wil vernietig. Dis ongelukkig waar. Die lewe is nie soos die advertensie sê “a journey, enjoy the ride” nie. Dis ‘n plek waar dinge lelik skeef kan loop en baie, baie seer kan raak. Kyk maar net die pyn waardeur mense gaan met die hel van egskeiding, regstellende aksie (sic!) wat mense se waardigheid van hul wegneem; selfmoord wat in ‘n gesin gekom het; ‘n jong seun wat deur 4 mans verkrag word, kanker wat die liggaam stukkie vir stukkie afbreek, rassespanning, inflasie….

Maar het ons nie iewers perspektief verloor nie en vergeet om die krag van die Here in die lewe raak te sien. Die lewe is beslis meer as om net op 'n hoop te gaan sit en boedel oor te gee!

Want die lewe is meer as net die gewone wat ons raaksien. Agter alles is ook 'n groot **geestelike realiteit** wat veel meer is as wat net die blote oog kan sien. Ja, ons moet leer om die lewe ook vanuit die **geestelike dimensie** te beoordeel. Want agter alles is magte aan die werk (let ook op die twee dele van Joh 10:10). Aan die een kant staan God wat die lewe in sy hande hou en sorg – aan die ander kant die magte van die bose wat Jesus genoem het "'n mensemoordenaar van die begin af" – Satan wat alles wil vernietig en niemand iets gun nie. En dis so waar: waar God nie is nie is die lewe nie mooi nie en alles loop op 'n fiasko uit. Mense sonder God begin met soveel entoesiasme maar raak met die tyd lewensmoeg. Want die Satan lieg so fyn dat mense nie agterkom wat aan die gang is nie. Hy vertel graag hoe mooi die leuen is wat hy voorhou en hoe baie genot daaruit gehaal kan word. Mense val daarvoor en gaan voluit vir daardie leuen – net om later agter te kom dat dit op kort beentjies staan wat gou omval. So loop dit uit op verskriklike seer en ellendes. Dis dan wanneer mense mekaar begin haat en vermy; dubbele lewens leef waar hulle een ding doen en 'n ander ding voorgee; huwelike op die rotse beland; verhoudings skeefloop; selfmoord beplan word…

- Die tragedie is dat mense dit nie agterkom nie en dink dat die lewe net mislik met hulle is. Intussen word die lewe aaklig gemaak omdat die kragte van die bose op hulle inwerk.

Die lewe is 'n simpel plek.

Nee!! Dit is en bly 'n heerlike ervaring want God is steeds in die lewe en bly die God wat die lewe in sy hande hou. Ons moet **leer** om God en sy werk raak te sien en ophou om vas te kyk na die hoop-loosheid waarmee die Satan ons wil beroof van God se oorvloed. Want die **lewe is God** en nie die dinge wat hulself so in ons kele afdruk sodat ons wil-wil glo dat daar nie meer 'n alternatief is nie. Die lewe bestaan uit die teenwoordigheid van God en is nie net mooi met die afwesigheid van probleme nie. Probleme vat nieGod en die lewe weg nie – ***ek leef, want die Here leef!!!***

Ons dink verkeerd oor die lewe en daarom moet daar 'n totale skuif in ons denke en optrede kom. Ons kan nie maar net kennis hiervan neem nie en dan voortgaan asof niks verander nie – alles verander want God is in beheer!

Kom ons maak dit prakties: waaruit bestaan jou lewe en waarmee is jy besig? As jy kerm oor die ellendes van die lewe is jy op die terrein van die hel en die gekerm gaan meer en groter word. Want wie die oë wegvat van die groot dinge van die Here sien die ellendes van die Satan raak en so 'n mens se gemor word groter. Die Skrif (o.a. Kol 3:2) en die praktyk bevestig dit. Kyk hoe lyk mense wat net loop en kla oor die onregverdigheid van die lewe en ander se sondes – hulle trek laer saam met 'n paar mense wat soos hulle dink en dan kerm hulle lekker saam oor die pyne. Hulle reken hulle "Christelike

plig" lê daarin om die sondes van die mense te ontbloot en alles in die lewe te beveg: die regering, die munisipaliteit, die skool, die kerk, die rugby… In die proses kry hulle self seer want die lewe gaan by hulle verby omdat hulle ander ongenadiglik slaan en verneder. Mense begin hulle vermy en verloor respek vir hulle omdat hulle dikwels smeulende vuurspuwende berge is wat dreig om te ontplof. En dit raak 'n bose kringloop: hoe meer hulle kerm, hoe meer is daar om oor te kerm; hoe meer daar is om oor te kerm hoe bitterder raak hulle…

Die lewe is tog veel meer as dit, want God is in die lewe en God doen soveel dinge wat die moeite werd is! Ja, wie die groot dinge van die Here rondom hom raaksien sien die lewe raak en ontdek dis die moeite werd om te lewe ***want God is die lewe***.

- Dis tyd dat die Koning van die lewe in die lewe teruggebring word. Want ons het Hom iewers verloor en daarmee die perspektief op die lewe verloor.

Let daarop dat hier gepraat word van 'n doelbewuste poging wat aangewend word om so te leef. Dis nie iets wat vanself kom nie, kan nie gekoop of geleen word nie en kan ook nie nageboots word nie. Jy maak 'n keuse daarvoor en gaan sit by die voete van die Here dat Hy jou dit aanleer. Dis 'n lewenswyse en nie vroom geluide nie. Om maar net nog 'n sug te sug en te sê dat dit niemand jou ellendes ooit sal verstaan nie en dat jy rede het om bitterbek te loop, is om die blye evangelie van Jesus se oorwinning te marginaliseer en uit te skuif as iets onbenulligs. So 'n mens se pyne/probleme met alles word verhef tot die alfa en omega van alles en staan bo die krag wat God ons gee om te leef. Hy is 'n arm mens.

Bring die Koning **van** die lewe **in** die lewe terug!

1. Leer om die mooi beelde van God in die lewe raak te sien. Want die Here is goed vir ons!

Dis die hart wat altyd bang is om te breek wat nooit leer om te dans nie, want hy is te bang. En as hy begin dans in die lewe val hy dalk eendag om en dink daar is niks verder om oor te dans nie. Dan begin hy ander kritiseer en verdoem hulle wat wel dans.

Dis die een wat droom oor alles en te bang is om wakker te word wat nooit leer dat drome waarheid kan word nie en hy is bang om die risiko's van die drome uit te leef want netnou misluk hy. Hy kritiseer ander wat droom en kelder maklik 'n ander se drome. Want hy dink dat geluk en die mooi van die lewe net beskore is vir 'n paar wat gelukkig en sterk is.

- Dis die siel wat bang is om te sterf wat nooit leer om sy oë oop te maak om te leef nie.

Leer om die mooi beelde van God raak te sien: maak oop jou oë! Hier moet 'n mens die Skrif ken sodat jy kan weet watter beelde van God kom en watter nie, waarna mag jy kyk en waarna nie.

As voorbeeld: daar is soveel mooi dinge wat die Here in jou **huweliksmaat** ingebou het. Die Satan wil jou wysmaak dat daar eers gekyk moet word na dit waarvan jy nie hou nie en later kan na die res gekyk word… en so word nog 'n egskeiding gebore. Daar is soveel wonderlike, unieke dinge wat die

Here in **jouself** ingemessel het, dat dit niks anders as selfmoord is om dit nie raak te sien en jouself met ander te vergelyk nie… en so is nog ‘n swak selfbeeld gebore. Diegene wat **kinders** het, het die mooiste gawes van die Here ontvang… en ouers loop en kla oor kamers wat vuil is, hande wat nie gewas word nie… Ons moet ons oë oopmaak vir die **dinge** wat reg voor ons staan en wag om raakgesien te word: werk en inkomste, warm water, medies, pensioen…! Om nie eers te praat van die **beelde in die kerk** wat getuig van die Here se liefde: ‘n kruis, ‘n Brug tussen God en mens sodat ons nie weer terug hoef te draai nie en ons die lig in die maak sodat ons kan skyn!

Dis nie die moeite werd om net te kyk na die hel wat rondom ons aan die gang is nie – God is baie groter as alles wat kan en sal gebeur en die Satan mag ons nie van hierdie sekerheid beroof nie. Staan op en leef – weier om midelamtig te wees, niks te doen nie of net te kla. Voorbeelde is baie: ss jy ander mense se menslikheid in hul foute raaksien, weier om dit raak te sien en dank die Here vir die mooi wat God in hom ingebou het. As jy ander mense se ellendes in die onregverdigheid van die lewe raaksien, weier om dit te aanvaar en sien die liefde en hulp wat jy aan so een kan gee raak – om net nog ‘n keer die stelsel te kritiseer en ander se sondes aan te spreek is nie om God se mooi beelde van hoop raak te sien nie… Daar is soveel dinge van God om raak te sien sodat ons hoop aan ander kan gee in hierdie hel!

En so word die lewe ‘n mooi plek met baie hoop en die Koning word terug gebring.

2. <u>Leer om die taal van God te praat</u>

Ook hier moet ‘n mens die Skrif ken, want dan weet jy wat om te sê en wat nie – en ook hoe om dit te sê. Ja, wie God se taal wil praat moet eers by God in die Skrif gehoor het sodat hy dan kan sê wat die Here sê (Jes 30:20-21).

God praat van verlossing uit sonde, dood en skuld – hoor dit: Efes 2:3b-7.

- Praat dan die taal van God se verlossing uit sonde, dood en skuld in jou eie lewe. As dit skuldgevoelens is wat opvreet en ‘n gewete wat jou snags laat rondrol, moet dit vandag vir eens en vir altyd agter jou gelaat word – ek is “saam met Hom opgewek en het ‘n plek in die hemel” (vers 6). Ja, ons is ***VRYGEMAAK*** van die kettings van die sonde.

  As die Satan ander dinge as hierdie verlossing wil praat kan jy weet dat hy jou belieg! Hou aan om te praat oor die verlossing van die Here want dit bring die Koning terug in die lewe!

God praat van verhoudings met mense wat herstel en genees moet word – hoor dit: Efes 2:13,18

- Praat dan die taal van daardie genesing en hou op om mense te haat (“Elkeen wat sy broer haat is ‘n moordenaar en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe in hom het nie” –

1 Joh 3:15). Hou op om jou wrokke, grille en giere mooi name te gee en sien dit vir wat dit is: MOORD. Moenie emosioneel na jouself en ander kyk nie – praat die taal van God sodat die Koning van die lewe kan terugkom in jou lewe en jy verhoudings kan hê wat tot eer van die Here is.

God praat van krag en oorwinning – hoor dit: Fil 4:13.

- Dis God wat krag gee om reg te maak wat verkeerd is – praat hierdie taal van die Skrif en gaan doen dit ook! Want te veel praat ons oor verskonings en hoekom ons nie sonde kan breek nie en 'n kragtige lewe in Jesus se opstanding kan leef nie. Ons raak dinge kwyt soos: "Ek kan nie… Ek het probeer maar ek kry dit nie reg nie…" Nee! Jy wil dit nie oorwin want die sonde is te lekker (maar jy weet nie hoe tragies dit gaan eindig nie). **JY KAN, WANT CHRISTUS HET DIT REEDS GEDOEN** (1 Joh 5:4).

  Stop vandag die sonde waarmee jy besig is en oorwin dit in die krag van Jesus se opstanding. So praat jy die taal van God en die Koning van die lewe kom terug met oorwinning in die lewe!

God praat van 'n toekoms met hoop – hoor dit: Jes 30:18

- As die lewe vir jou te veel raak en jy soos Elia onder die besembos wil inklim sodat alles maar op 'n einde kan kom… Moenie! Tel jou kop op en hoor die beloftes van die Here dat Hy jou nooit sal los nie. Al loop dinge verskriklik skeef sal jy nie uit sy hande val nie (Rom 8:37-39, ook Ps 16:8).

  Die Here is op pad met jou! Moet nooit ophou dans in die lewe nie, moet nooit jou drome verloor omdat die spreekwoordelike hoender en bok in die huis is nie – iewers hou die Here vir die rabbi in reserwe om jou die lewe raak te laat sien. Moenie na die besembos kyk nie want hy gaan jou onderkry. Bring die Koning terug in die lewe en praat God se woorde.

God praat van vreugde – hoor dit: Ps 30:12.

- Ons het vreugde allerhande mooi en teoretiese name gegee en dit alles gemaak wat dit nie is nie – dis om te LAG! Lag gaan niemand in die hemel kry nie, maar dis 'n enorme wapen in ons hande wat ons nie dikwels gebruik nie. Die Satan kan nie lag nie (vreugde is 'n **vrug van die Gees** –Gal 5:22) en ons kan hom op sy hardste in trurat slaan deur ons met 'n glimlag te verlustig in die Here en sy goeie gawes! Maar ons boer op Satan se terrein omdat mense glo dis sonde om te glimlag en vrolik te wees – ja, hulle is "suurtiere" (Prophet).

  Los die goed wat jou beroof van die vreugde in die Here en vra die Here om jou te leer om weer "oorvloedige blydskap" te beleef. So kom die Koning van die lewe terug in die lewe!

Daar is nog soveel dinge wat gedoen kan word om die Koning in die lewe terug te bring – dinge soos liefde, vrede, geduld, getrouheid, nederigheid, selfbeheersing, sagmoedigheid… (Gal 5:22). Tyd en plek ontbreek om hier oor alles te praat.

Feit van die saak is dat die lewe ‘n wonderlike plek is. Want ons **Vader** wat alles in sy hande hou, ons **Jesus** wat genade gebring het en ons **Heilige Gees** wat getrou by ons bly, is die lewende God wat Koning van die lewe is!!

’n Vrou het met die verkeerde voet uit die bed opgestaan en alles het gekrap. Toe sy die middag in die bus klim was dit stampvol en sy moes staan. Toe hoor sy ’n mansstem voor in die bus sê: “Pragtige dag nê?!” Sy kon nie die man deur al die mense sien nie, maar hy het aanhou kommentaar lewer oor wat hom gelukkig maak: ‘n kerk hier, ‘n roomysverkoper daar, die biblioteek op regterhand... Sy opmerkings het die atmosfeer in die bus ligter gemaak en die vrou se gemoed ook. Sy het selfs begin glimlag. Toe sy by die halte kom waar sy moes afklim, neem sy haar kans waar om te sien wie die opgeruimde “toergids” was – ‘n gesette man met swart brilglase en ‘n wit kierie. Hy was blind.

Die lewe is ‘n wonderlike plek!

Amen.